LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

27-05-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 19 VIR 2019



LEES ASB. SAAM MET KWARTAALPROGRAM

GEEN OEFENING OF AKTIWITEITE OP DONDERDAG, 30 MEI NIE, A.G.V. HEMELVAART.

Skool verdaag op Donderdag, 30 Mei om 12:00.

1 ✎ HERREGISTRASIE VIR GRAAD 2-6/2020:

✎ Ouers moet asb. seker maak dat al die inligting op die herregistrasie dokument korrek en volledig is.

2 MINI-NETBAL:

Oefening vir die week is normale tye vir Maandag en Dinsdag.

3 NETBALL:

- 0/13 oefen soos wat Juf. Marlize gereël het.
- 0/10 - 0/12 - Maandag geen oefening.
  Dinsdag oefen van 14:00 - 15:00 by Hoër Volkskool
  Woensdag van 14:00 - 15:00 by Hoër Volkskool
- Donderdag geen oefening nie a.g.v. Hemelvaart
- Vrydag, 31 Mei 2019 en Saterdag, 1 Junie 2019 - Sedibeng uitspele by Hoërskool Dr. Malan in Meyerton.
- Programme sal volg sodra klein poele uitspele afgehandel is teen 29 Mei 2019.

4 KOOR:

Geen kooroefening vir die Juniors op Maandag nie.
Geen Seniorkooroefening op Woensdag nie.

5 RUGBY:



- Bulletjie rugby oefen - Maandag en Woensdag vanaf 17:00 - 18:00.
- Die 0/9 en 0/10 - Semi-finale uitspele is Dinsdag, 28 Mei.
- Die 0/11, 2des en 1ste spanne - Semi-finale uitspele is Woensdag, 29 Mei.
- Geen oefening op Donderdag nie, a.g.v. Hemelvaart.

6 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:

Die Suikerbosrand Eisteddfod begin vandag, 27 Mei 2019. Onthou asb. om jou sertifikaat en repliek te kom wys vir Juf. Lizelle (Juniors) en Juf. Madeleine (Seniors). Sluitingsdatum is 14 Junie 2019. Hierdie word in ag geneem vir die Bekroningsaand.

7 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

... vind plaas vanaf 15-27 Julie 2019. Inskrywings beskikbaar by Juf. Madeleine vir almal en sluit op 31 Mei 2019. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywings, met die korrekte bedrag per item in 'n koevert, word in die finansieskantoor in 'n boks ingehandig. Elektroniese inbetalings kan ook gedoen word: Heidelberg Eisteddfod - Rek nr.: 335893724 - Standardbank - Heidelbergtak

8 REVUE 2019:

Revuegeld is betaalbaar tot laaste dag van 2de kwartaal.

9 VOLKIE - DRAMAKLUB

Ons volgende kontaksessies is op: 29 Mei; 5 Junie en 12 Junie.

10 " S P R E E K K O O R ":

Geen oefening vir dié week nie.

11 WILDSFEES:

- **<u>Jagpakkette lyste moet terug kom skool toe voor of op 27 Mei 2019.</u>**
  ALLE LYSTE ***MOET*** INGEHANDIG WORD.
- Groot pryse om te wen vir die leerder en klas wat die meeste jag-kaartjies verkoop.
  *1ste prys vir leerders: R1000; 2de prys: R500; 3de prys: R300
  ** Vir die klas met die meeste verkope - Lekker verrassing!
- Trekking vind plaas tydens Wildsfees.
- Klasse wat meer as R3000 inbetaal het, mag Vrydag, 31 Mei, om 12:00 verdaag:
  Hierdie klasse kwalifiseer reeds vir Vrydag, 31 Mei 2019:
  Graad 1A - Juf. Amanda en haar klas
  Graad 1 G - Juf. Ina en haar klas
  Graad 1 M - Juf. Monica en haar klas
  Graad 2S - Juf. Driena en haar klas
  Graad 6V - Mnr. Cassie en sy klas

12 SKAAK:

Ons 0/13 seuns is Gauteng wenners. Baie geluk aan elke speler wat Saterdag gespeel het. Ons is baie trots op julle!

13 VOLKIE NUUSBULLETIN - 2DE KWARTAAL 2019:

Mev. Heléne Botha versoek dat alle inligting oor u kind/ers se 2de kwartaal buitesport prestasies voor 31 Mei 2019 aan haar gestuur word by helenebotha@laervolkskool.co.za .

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF